Senior Burger Bederf (Oktober 2024)

Meer as ‘n honderd van ons gemeente se senior burgers, 85 jaar en ouer, het vanjaar van Caritas geskenkpakke, met heerlike bederf-items in, ontang.

Met hierdie geskenkpakke het Caritas namens die gemeente vir ons senior burgers die boodskap gebring dat julle vir ons kosbaar is en dat ons julle waardeer en wil koester met hierdie gebaar.

In die voorafgaande weke is hard gewerk om die nodige inhoud voor te berei, soos in onderstaande fotos gesien kan word.

* C A R I T A S *
Senior Burger Bederf
(85 jaar en ouer)

Dit is weer tyd om ons gemeente se senior burgers te bederf en Caritas is hard aan die werk om die bederfpakkies gereed te kry, soos op die fotos gesien kan word.

Die pakkies sal gedurende Oktober uitgedeel word. Caritas se bestuur het dit egter goed gedink om die kriteria vir ontvangers van hierdie pakkies te verander van 80 jaar en ouer na 85 jaar en ouer.